26. Item 1 van die Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema, wat in bylae 3 by die hoofverordening uiteengesit word (hierna “bylae 3”), word hiermee gewysig –

- (a) deur die omskrywing van “basisvlak” met die volgende omskrywing te vervang:

“**‘basisvlak’** van ‘n gebou ‘n denkbeeldige vlak wat horisontaal op die gemiddelde grondvlak van die gebou of vertikale verdeling van die gebou getrek word; **(en wat onder die grondvloer en direk bo of bo-op die plafon van enige kelder is;)**”

- (b) deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van “dekking” in te voeg:

“**‘derde woning’** ‘n verdere wooneenheid wat ingevolge hierdie ontwikkelingsbestuurskema op ‘n grondeenheid opgerig mag word waar ‘n woonhuis en ‘n tweede woning reeds goedgekeur of regmatig opgerig is;”

- (c) deur die omskrywing van “grondvloer” met die volgende omskrywing te vervang:

“**‘grondvloer’** die laagste vloer van ‘n gebou wat nie ‘n kelder is nie **(en wat op die basisvlak van ‘n gebou of vertikale verdeling geleë is;)**”

- (d) deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van "helikopterlandingsplek" in te voeg:

"herwinningsentrum" 'n eiendom wat gebruik word vir die tydelike berging, sortering, storting of insameling van papier, plastiek, glas, blikke, tekstiele of soortgelyke vasteafvalmateriale vir herwinningsdoeleindes, dog met uitsluiting van 'n skrootwerf;"

- (e) deur die omskrywing van "hoogte" met die volgende omskrywing te vervang:

"hoogte", van 'n gebou, 'n vertikale dimensie in meter vanaf 'n bepaalde vlak tot 'n ander bepaalde vlak, soos dit in die ontwikkelingsreëls van 'n sonering uiteengesit word, met dien verstande dat -

- (a) skoorstene (maksimum horisontale dimensie van 1,5 m),
- (b) skoorsteenpype (maksimum horisontale dimensie van 1 m),
- (c) hyserskagte (maksimum horisontale dimensie van 2,5 m en maksimum vertikale dimensie van 2 m per hyserskag),
- (d) maste, en
- (e) antennes, **satellietskottels met 'n deursnee van hoogstens 1,5 m, en eksterne warmwatertoestelle en verbandhoudende toerusting wat nie meer as 1,5 m bo die bopunt van die dak uitsteek nie,**

nie vir die doeleindes van hoogtebeheer in ag geneem word nie;"

- (f) deur die omskrywing van "kelder" met die volgende omskrywing te vervang:

"kelder" daardie ruimte in 'n gebou tussen 'n vloer en 'n plafon, met inbegrip van sodanige vloer of plafon, wat **(nie as bewoonbare ruimte bedoel is nie en wat) nie meer as 1,5 m bo enige punt op die bestaande grondvlak uitsteek nie; (geheel en al onder die bestaande grondvlak geleë is en ondergronds bly, buiten dat dit voertuigtoegang vanaf 'n pad kan insluit, mits sodanige toegang slegs teen 'n afwaartse hoek of vanaf 'n gelyk vlak verkry word;)**"

- (g) deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van "struktuur" in te voeg:

"struktuur vir hernubare energie" enige apparaat of soortgelyke toestel, of groepering daarvan, wat ontwerp is om sonstrale op te vang en in energie om te skakel vir kommersiële gewin, ongeag of dit by 'n elektrisiteitsnetwerk ingevoer word of nie, wat insluit enige toetsfasiliteit of -struktuur wat tot energieopwekking op 'n kommersiële grondslag kan lei, dog met uitsluiting van windturbine-infrastruktuur;"

- (h) deur die omskrywing van "tuisberoep" met die volgende omskrywing te vervang:

"tuisberoep" die beoefening van 'n beroep of die bedryf van 'n onderneming vanaf 'n grondeenheid, woonhuis, tweede woning, wooneenheid of buitegebou deur een of meer bewoners wat op die eiendom woon, wat insluit die verkoop van alkoholiese drank deur die internet of enige ander elektroniese middel, met dien verstande dat geen alkoholiese drank op die eiendom geberg, ontvang of daarvandaan versend word nie;"

- (i) deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van "uitsigpad" in te voeg:

"veeartsenykundige praktyk" 'n gebou of deel van 'n gebou wat deur 'n geregistreerde veearts gebruik word vir mediese ondersoeke van of chirurgiese prosedures op diere, wat die verkoop van dierekos en verbandhoudende toebehore kan insluit;"

(j) deur die volgende omskrywing ná die omskrywing van "verdieping" in te voeg:

"**verfilming**' die voorbereiding van 'n eiendom vir die opname van klank- en beeldmateriaal, sowel as die opname van klank- en beeldmateriaal op sigself, hetsy bewegend of stil, op film of videoband, elektronies of op enige ander manier, dog met uitsluiting van die opname van 'n privaat huweliksplegtigheid of ander privaat viering of geleentheid met die doel om vir privaat doeleindes 'n opname daarvan vir deelnemers te maak, of die opname van aktuele sake of nuus vir onmiddellike vrystelling;"

(k) deur die omskrywing van "verkoop van alkoholiese drank" met die volgende omskrywing te vervang:

"**verkoop van alkoholiese drank**' die verkoop of aanbod van verkoop aan die publiek van drank wat bedwelmig by 'n verbruiker kan veroorsaak wat op die perseel gehou, vertoon of verbruik kan word;"

(l) deur die omskrywing van "vertikale afskorting" met die volgende omskrywing te vervang:

"**vertikale afskorting**' van 'n gebou (**beteken**) 'n gedeelte van die gebou wat deur enige kombinasie van buite- (en/of) en binnemure begrens word, met of sonder openinge, welke gedeelte met opset duidelik identifiseerbaar is as 'n logiese vertikale deel van ander gedeeltes van die gebou (**met dien verstande dat geen opening in 'n binnemuur wat afskortings verdeel 3 m of 'n derde van die horisontale breedte daarvan, wat ook al die grootste is, mag oorskry nie en dat d).** Die Stad kan aanvaar dat 'n gebou in vertikale afskortings verdeel is waar elke sodanige afskorting oor 'n afsonderlike basisvlak vir die doel van die toepassing van hierdie ontwikkelingsbestuurskema beskik;"

(m) deur die omskrywing van "vloerruimte" met die volgende omskrywing te vervang:

"**vloerruimte**', met betrekking tot enige gebou, die oppervlakte van 'n vloer wat deur 'n blad, dak of uitsteeksel bedek word, met dien verstande dat:

- (a) enige (**oppervlakte, met inbegrip van 'n**) kelder of deel van 'n kelder wat nie as bewoonbare ruimte bedoel is nie, (wat uitsluitlik vir parkeerruimte of die laai van voertuie bestem is,) uitgesluit word;
- (aA) enige oppervlakte wat uitsluitlik vir parkeerruimte of die laai van voertuie bestem is, uitgesluit word;
- (b) buite-ingangstrappe en -trapportale, enige afdak, enige stoep en enige gebied wat vir buitenuitgange vereis word, uitgesluit word;
- (bA) gange, toegangs- en nooduitgangstroetes met 'n breedte van hoogstens 1,5 m uitgesluit word, met dien verstande dat dit direk met die nooduitgang, die vertikale bewegingsroetes na die ingangdeure of albei verbind is;
- (c) 'n uitsteeksel, met inbegrip van 'n dakrand wat uitsteek en 'n uitsteeksel wat as 'n sonskerm of 'n argitektoniese kenmerk dien, wat nie meer as 1 m by die buitemuur of soortgelyke ondersteuning verbystek nie, uitgesluit word;
- (d) enige onoordekte interne binnehof, ligskag of ander onoordekte skag van meer as 10 m² in oppervlakte uitgesluit word;
- (e) enige oordekte geplaveide gebied buite en direk langs 'n gebou op of onder die grondvloervlak uitgesluit word waar sodanige geplaveide gebied deel is van 'n voorhof, werf, eksterne binnehof, voetpad, parkeerruimte of voertuigtoegang en aan minstens die voor- of lang kant permanent aan die elemente blootgestel is;
- (f) enige oordekte balkon, veranda of terras uitgesluit word wat, benewens beskermde traliewerk, aan minstens die voor- of lang kant permanent aan die elemente blootgestel is en nie 2,5 m in breedte oorskry nie;
- (g) onderworpe aan paragraaf (h) hieronder, enige trappe, trapskagte en atriums met 'n dak ingesluit word;
- (h) in geval van meerverdiepinggeboue, enige trapskagte, hyserskagte, ligskagte of ander skagte sowel as enige atriums slegs een keer getel word;

en op die verdere voorwaarde dat vloerruimte gemeet word vanaf die buitevlak van die buitewand of soortgelyke ondersteuning van sodanige gebou, en dat waar die gebou uit meer as een verdieping bestaan, die totale vloerruimte die som van die vloerruimte van alle verdiepings is, met inbegrip van dié van kelders;”

Wysiging van item 3 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

27. Item 3 van bylae 3 word hiermee gewysig –

(a) deur die opskrif en sin voor paragraaf (a) van item 3 met die volgende opskrif en sin te vervang:

“3 Metodes om afstande, hoogtes en vlakke te meet, of die vereiste om op of af te rond

Die volgende bepaling is van toepassing met betrekking tot die meting van afstande, vlakke of hoogte, of die vereiste om op of af te rond:”

(b) deur die volgende paragraaf ná paragraaf (f) van item 3 in te voeg:

“(g) Indien dit nodig is om ’n getal parkeerplekke of enige ander ontwikkelingsreël vir ’n grondgebruik te bepaal waaraan daar slegs in ’n heelgetal voldoen kan word, kan die op- of afronding van die berekening vereis word. In so ’n geval sal ’n waarde van 0,5 en hoër opgerond word tot die volgende heelgetal, en waardes onder 0,5 afgerond word tot die naaste heelgetal, met die uitsondering dat ’n minimum eenheidsvereiste van 1 (een) sal geld, tensy daar anders bepaal word.”

Wysiging van item 7 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

28. Item 7 van bylae 3 word hiermee gewysig –

(a) deur die opskrif van item 7 met die volgende opskrif te vervang:

“7 (Voorwaardes) Ontwikkelingsreëls van toepassing op ’n goedgekeurde vergunningsgebruik”

(b) deur subitem (1) met die volgende subitem te vervang:

“(1) Wanneer ’n vergunningsgebruik goedgekeur word, sal die volgende (algemene voorwaardes) geld:

- (a) Indien sodanige vergunningsgebruik, soos dit in ’n spesifieke sonering gelys word, ook ’n primêre gebruik in ’n ander sonering is, sal dit onderworpe wees aan die mees beperkende ontwikkelingsreëls wat in hetsy sodanige ander sonering of in daardie spesifieke sonering geld.
- (b) Indien sodanige vergunningsgebruik, soos dit in ’n spesifieke sonering gelys word, nie ’n primêre gebruik in ’n ander sonering is nie, sal dit onderworpe wees aan die ontwikkelingsreëls in die betrokke sonering.
- (c) Die vergunningsgebruik is onderworpe aan enige ontwikkelingsreël wat as ’n voorwaarde in die goedkeuring opgelê word. (Nieteenstaande (a) en (b) hierbo, is ’n vergunningsgebruik vir ’n tweede woning in ’n enkelresidensiële sonering I onderworpe aan die ontwikkelingsreëls in daardie sonering.)”

Wysiging van item 15 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

29. Item 15 van bylae 3 word hiermee gewysig deur subitem (2) met die volgende subitem te vervang:

“(2) (Alle toegelate spesiale gebruike word in bylae A gelys.) ’n Spesiale gebruik wat met die Stad se goedkeuring in ’n sonering geklassifiseer is en toegelaat word, moet in die Provinsiale Koerant gepubliseer word.”

Vervanging van opskrif na item 15 in bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

30. Die opskrif ná item 15 in bylae 3 word hiermee met die volgende opskrif vervang:

“Deel 4: Veronderstelde sonering of vasgestelde sonering”

Wysiging van item 16 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

31. Item 16 van bylae 3 word hiermee gewysig deur die woorde wat paragraaf (a) in subitem (8) voorafgaan met die volgende te vervang:

“(8) Waar enige gedeelte grond (buiten grond waarna subitem **((4)) (7)** verwys) wat voorheen ‘n openbare straat of openbare oop ruimte was en in die Stad gesetel het of in die Stad se besit was, gesluit en aan ‘n aanliggende eienaar oorgedra word, sal daar aanvaar word dat sodanige gedeelte grond onder dieselfde sonering en subsonering, met inbegrip van enige goedkeuringsvoorwaardes, as dié van die aanliggende grond van sodanige eienaar val, met dien verstande dat:”

Wysiging van item 20 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

32. Item 20 van bylae 3 word hiermee gewysig deur tabel A, “Samevatting van die sonerings en ontwikkelingsreëls”, met die volgende tabel te vervang:

“Tabel A: Samevatting van die sonerings en ontwikkelingsreëls

ENKEL-RESIDENSIELE SONERINGS	OPPER-VLAKTE VAN GROND-EENHEID (m ²)	VLOER-FAKTOR	MAKSIMUM VLOER-RUIMTE	MAKSIMUM HOOGTE BO BASISVLAK		BOULYNE		STRAAT-MIDDELLYN-TERUGSET	ANDER BEPALINGS	
				Tot by muur-plaat	Tot by bopunt van dak	Straat-grens	Gemeen-skaplike grense			
ENKEL-RESIDENSIELE SONERING I: KONvensionele BEHUISING (SR1)	>2 000	n.v.t.	1 500 m ²	9,0 m	11,0 m	6,0 m	6,0 m	n.v.t.	Venster- en deurplasing	
	>1 000 tot en met 2 000	n.v.t.	1 500 m ²	9,0 m	11,0 m	4,5 m	3,0 m			
	PRIMÈRE GEBRUIKE Woonhuis, privaas pad en bykomende gebruikregte	>650 tot en met 1 000	n.v.t.	1 500 m ²	9,0 m	11,0 m	3,5 m			3,0 m
	BYKOMENDE GEBRUIKREGTE Tweede woning, [T] tuisberoeop of bed-en-ontbyt-onderneming of tuiskindersorg	>350 tot en met 650	1,0	n.v.t.	8,0 m	10,0 m	3,5 m			0,0 m (12,0 m vanaf straat en 60%) en 3,0 m restant
VERGUNNINGS- GEBRUIKE [Tweede woning, n] Nutsdienste, plek van onderrig, plek van aanbidding, huiswinkel, instelling, gastehuis, dakgemonteerde basis-telekommunikasie-stasie, windturbine-infrastruktuur, oop ruimte, stedelike landbou, [en] halfweghuis en veeartsenykundige praktyk	>200 tot en met 350	1,0	n.v.t.	8,0 m	10,0 m	3,5 m	0,0 m (12,0 m vanaf straat en 60%) en 3,0 m restant		Bykomende gebruikregte – tuisberoeop, bed-en-ontbyt-onderneming en tuiskindersorg	
	≤200	1,0	n.v.t.	8,0 m	10,0 m	1,0 m	0,0 m (12,0 m vanaf straat en 60%) en 3,0 m restant			
		Sien item 22(a)	Sien item 22(b)	Sien item 22(c)	Sien item 22(c)	Sien item 22(d) & 22(e)	Sien Item 22(d) & 22(e)			

ENKELRESIDENSIELE SONERING 2: INKREMENTELE BEHUISING (SR2) PRIMÈRE GEBRUIKE Woonhuis, tweede woning, nutsdiens, privaat pad, stedelike landbou, oop ruimte en bykomende gebruikregte BYKOMENDE GEBRUIKREGTE Skuiling, huiswinkel, tuisberoep, bed-en-ontbytonderneming, tuiskindersorg, informele handel en enige opvoedkundige, godsdienstige, beroeps- of sakedoelende onderworpe aan voorwaardes VERGUNNINGSGEBRUIKE Groepsbehuising, losieshuis, plek van aanbidding, instelling, kliniek, plek van samekoms, plek van onderrig, kantoor, restaurant, gastehuis, plek van vermaak, diensbedryf, owerheidsgebruik, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, windturbine-infrastruktuur, halfweghuis en veeartsenykundige praktyk	1,0	n.v.t.	6,0 m woon-eenhede;	8,0 m woon-eenhede;	Formele dorpsgebied: 1,0 m	Formele dorpsgebied: 0,0 m vir 60% en 1,0 m vir restant; 2,5 m tussen skuilings en ander geboue	n.v.t.	Parkering en toegang Huiswinkel Skuiling Informele handel Grond wat ontwikkel is as of aangewys is vir paaie Grond wat gebruik word as of aangewys is vir brandstrokke Goedkeuring van bouplanne
	Sien item 27(a)		8,0 m ander geboue	10,0 m ander geboue	Geen formele dorpsgebied: 1,0 m	Geen formele dorpsgebied: 3,0 m op grens; 2,5 m tussen skuilings en ander geboue		
			Sien item 27(b)	Sien item 27(b)	Sien item 27(c) & 27(d)	Sien item 27(c) & 27(d)		

ALGEMENE RESIDENSIELE SONERING	SUB-SONERING	DIGTHEID	DEK-KING	MAKSIMUM HOOGTE BO BASISVLAK		BOULYNE		STRAAT-MIDDELLYN-TERUGSET	ANDER BEPALINGS
				Tot by muurplaat	Tot by bopunt van dak	Straatgrens	Gemeenskaplike grense		
ALGEMENE RESIDENSIELE SUBSONERING 1: GROEPS-BEHUISING (GR1) PRIMÈRE GEBRUIKE Woonhuis, groepsbehuising, privaat pad, oop ruimte en bykomende gebruikregte BYKOMENDE GEBRUIKREGTE Woonstelle en tuisberoep, onderworpe aan beperking VERGUNNINGSGEBRUIKE Nutsdienste, tuiskindersorg en dakgemonteerde basis-telekommunikasiestasie	GR1	35 woon-eenhede/ha	n.v.t.	8,0 m	10,0 m	5,0 m eksterne openbare straat 0,0 m interne pad Motorhuise 5,0 m vanaf randsteen	3,0 m eksterne grense 0,0 m interne grense	n.v.t.	Ontwerp-beginsels Oop ruimte Parkering en toegang Terrein-ontwikkelingsplan Woonstelle en tuisberoep as bykomende gebruikreg Woonhuis buite groepskema
		Sien item 35(b)		Sien item 35(c)	Sien item 35(c)	Sien item 35(e) & 35(f)	Sien item 35(e) & 35(f)		

ALGEMENE RESIDENSIELE SUBSONERINGS (GR2-GR6)	VLOER-FAKTOR	60%	Tot by bopunt van dak		4,5 m	4,5 m of 0,6 H (0,0 m tot en met 15,0 m hoogte vir 18,0 m vanaf straat)	8,0 m	Parkering en toegang
			15,0 m	4,5 m				
PRIMÊRE GEBRUIKE Woonhuis, tweede woning, groepsbehuising, losieshuis, gastehuis, woonstelle, privaat pad en oop ruimte VERGUNNINGSGEBRUIKE Nutsdiens, plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, hospitaal, plek van samekoms, tuisberoep, winkel, hotel, konferensiefasiliiteit, [en] dakgemonteerde basis-telekommunikasie-stasie en veeartsenykundige praktyk	GR2	1,0	60%	15,0 m	4,5 m	4,5 m of 0,6 H (0,0 m tot en met 15,0 m hoogte vir 18,0 m vanaf straat)	8,0 m	Parkering en toegang
	GR3	1,0	60%	20,0 m	4,5 m	4,5 m of 0,6 H (0,0 m tot en met 15,0 m hoogte vir 18,0 m vanaf str[ee]laat)	8,0 m	Afskerming Windtempering
	GR4	1,5	60%	24,0 m	4,5 m	4,5 m of 0,6 H (0,0 m tot en met 15,0 m hoogte vir 18,0 m vanaf straat)	8,0 m	Woonhuis en tweede woning
	GR5	2,5	60%	35,0 m	4,5 m; 9 m bo 25 m hoogte	4,5 m of 0,6 H (0,0 m tot en met 15,0 m hoogte vir 18,0 m vanaf straat); 15,0 m bo 25,0 m hoogte	8,0 m	Groepsbehuising
	GR6	5,0	60%	50,0 m	4,5 m; 9 m bo 25 m hoogte	4,5 m of 0,6 H (0,0 m tot en met 15,0 m hoogte vir 18,0 m vanaf straat); 15,0 m bo 25,0 m hoogte	8,0 m	Instelling, plek van onderrig en plek van samekoms
			Sien item 41(b)	Sien item 41(a)	Sien item 41(c)	Sien item 41(e)	Sien item 41(e)	Sien item 41(d)

GEMEENSAPSONERINGS	VLOER-FAKTOR	DEKKING	MAKSIMUM HOOGTE BO BASISVLAK	BOULYNE		STRAAT-MIDDELLYN-TERUGSET	ANDER BEPALINGS
			Tot by bopunt van dak	Straatgrens	Gemeenskaplike grense		
GEMEENSAPSONERING 1: PLAASLIK (CO1) PRIMÊRE GEBRUIKE Plek van onderrig, plek van aanbidding, kliniek, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, [en] oop ruimte en verfilming VERGUNNINGSGEBRUIKE Instelling, hospitaal, plek van samekoms, begraafplaas, vrystaande basistelekommunikasiestasie, [en] stedelike landbou en veeartsenykundige praktyk	0,8 Sien item 47(a)	60% Sien item 47(b)	12,0 m Sien item 47(c)	5,0 m Sien item 47(d)	5,0 m Sien item 47(e)	n.v.t.	Parkering en toegang Op-/aflaai Afskerming Geraas-tempering

GEMEENSKAPSONERING 2: STREEK (CO2) PRIMÈRE GEBRUIKE Instelling, hospitaal, plek van onderrig, plek van aanbidding, plek van samekoms, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, [en] oop ruimte en verfilming VERGUNNINGSGEBRUIKE Losieshuis, konferensiefasiliteit, begraafplaas, krematorium, begrafnisonderneming, vrystaande basistelekommunikasiestasie, windturbine-infrastruktuur, [en] stedelike landbou en veeartsenykundige praktyk	2,0	60%	18,0 m	5,0 m	5,0 m	n.v.t.	Parkering en toegang Op-/aflaai Afskerming Geraas-tempering
	Sien item 49(a)	Sien item 49(b)	Sien item 49(c)	Sien item 49(d)	Sien item 49(e)		

PLAASLIKE SAKESONERING	OPPER-VLAKTE VAN GROND-EENHEID (m ²)	VLOER-FAKTOR	DEKKING	MAKSIMUM HOOGTE BO BASISVLAK		BOULYNE		STRAAT-MIDDEL-LYN-TERUG-SET	ANDER BEPALINGS
				Tot by muurplaat	Tot by bopunt van dak	Straat-grens	Gemeen-skaplike grense		
PLAASLIKE SAKESONERING 1: INTERMEDIÈRE SAKE (LB1) PRIMÈRE GEBRUIKE Kantoor, woonhuis, losieshuis, nutsdienste, woonstelle en bykomende gebruikregte BYKOMENDE GEBRUIKREGTE Tweede woning en tuisberoop of huiswinkel of bed-en-ontbytonderneming of tuiskindersorg VERGUNNINGSGEBRUIKE Plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, kliniek, plek van samekoms, gastehuis, winkel, informele handel, diensbedryf, dakgemonteerde basis-telekommunikasiestasie, windturbine-infrastruktuur, [en] halfweghuis en veeartsenykundige praktyk	>1 000	1,0	n.v.t.	9,0 m	11,0 m	3,5 m	3,0 m	n.v.t.	Motorhuise en motorafdakke
	>650 tot en met 1 000	1,0		9,0 m	11,0 m	3,5 m	3,0 m		Parkering en toegang
	>350 tot en met 650	1,0		8,0 m	10,0 m	3,5 m	0,0 m (12,0 m vanaf straat and 60%) en 3,0 m restant		Afskerming
	>200 tot en met 350	1,0		8,0 m	10,0 m	3,5 m	0,0 m (12,0 m vanaf straat en 60%) en 3,0 m restant		Tuisberoop, bed-en-ontbytonderneming en tuiskindersorg
	≤200	1,0		8,0 m	10,0 m	1,0 m	0,0 m (12,0 m vanaf straat en 60%) en 3,0 m restant		Tweede woning
		Sien item 51(a)		Sien item 51(b)	Sien item 51(b)	Sien item 51(c)	Sien item 51(c)		Huiswinkel

PLAASLIKE SAKESONERING 2: PLAASLIKE SAKE (LB2)	1,0	75%	Tot by bopunt van dak		0,0 m	8,0 m	Afdakoorhang Straathoeke Parkering en toegang Op-/aflaai Afskerming Dienststasie en motorherstelhawe Informele handel
			12,0 m				
PRIMÊRE GEBRUIKE Winkel, kantoor, woonhuis, tweede woning, bed-en-ontbytonderneming, losieshuis, woonstels, plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, kliniek, gastehuis, diensbedryf, nutsdiens, dakgemonteerde basistelekommunikasiestrasie, privaat pad, [en] oop ruimte en veeartsenykundige praktyk VERGUNNINGSGEBRUIKE Plek van samekoms, informele handel, restaurant, verkoop van alkoholiese drank, begrafnisonderneming, plek van vermaak, volwassenewinkel, sakeperseel, supermark, kwekery, hotel, konferensiefasiliteit, motorherstelhawe, dienststasie, owerheidsgebruik, vrystaande basistelekommunikasiestrasie, windturbine-infrastruktuur, vervoergebruik en parkade	Sien item 56(a)	Sien item 56(b)	Sien item 56(c)		Sien item 56(e) & 56(f)	Sien item 56(d)	

ALGEMENESAKE- EN GEMENGDEGEBRUIK-SONERINGS	SUB-SONERING	VLOER-FAKTOR	DEKING	MAKSIMUM HOOGTE BO BASISVLAK	BOULYNE		STRAAT-MIDDELLYN-TERUGSET	ANDER BEPALINGS
					Straatgrens	Gemeenskaplike grense		
ALGEMENE SAKESUBSONERINGS (GB1-GB7) PRIMÊRE GEBRUIKE Sakeperseel, woonhuis, tweede woning, losieshuis, woonstels, plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, hospitaal, plek van samekoms, plek van vermaak, hotel, konferensiefasiliteit, diensbedryf, owerheidsgebruik, nutsdiens, dakgemonteerde basistelekommunikasiestrasie, parkade, privaat pad, [en] oop ruimte, veeartsenykundige praktyk en verfilming VERGUNNINGSGEBRUIKE Volwassenewinkel, onderneming vir volwassenevermaak, volwassenedienste, informele handel, eksposentrum, motorherstelhawe, pakhuis, vrystaande basistelekommunikasiestrasie, windturbine-infrastruktuur, vervoergebruik, helikopterlandingsplek en dienststasie	GB1	1,5	100%	15,0 m	0,0 m tot en met 10,0 m hoogte; 4,5 m bo 10,0 m	0,0 m	8,0 m	Residensiële aansporing met betrekking tot GB7
	GB2	2,0	100%	15,0 m	0,0 m tot en met 10,0 m hoogte; 4,5 m bo 10,0 m	0,0 m	8,0 m	Hotelvloerruimte-toegewing Afdak- of balkonoorhang
	GB3	2,0	100%	25,0 m	0,0 m tot en met 10,0 m hoogte; 4,5 m bo 10,0 m	0,0 m	8,0 m	Openbare voetpad langs straatgrens Straathoeke
	GB4	3,0	100%	25,0 m	0,0 m tot en met 10,0 m hoogte; 4,5 m bo 10,0 m	0,0 m	8,0 m	Parkering en toegang Op-/aflaai Afskerming
	GB5	4,0	100%	25,0 m	0,0 m	0,0 m	8,0 m	Windtempering
	GB6	6,0	100%	38,0 m	0,0 m tot en met 25,0 m hoogte; ½ (H-25 m) bo 25,0 m	0,0 m	8,0 m	Dienststasie en motorherstelhawe Informele handel
	GB7	12,0	100%	60,0 m	0,0 m tot en met 38,0 m hoogte; ½ (H-38 m) bo 38,0 m	0,0 m	8,0 m	
		Sien item 60(c)	Sien item 60(a)	Sien item 60(d)	Sien item 60(e)	Sien item 60(e)	Sien item 60(b)	

GEMENGDEGEBRUIK-SUBSONERINGS (MU1–MU3) PRIMÈRE GEBRUIKE Sakeperseel, nywerheid, woonhuis, tweede woning, losieshuis, woonstels, plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, hospitaal, plek van samekoms, plek van vermaak, hotel, konferensiefasiliteit, owerheidsgebruik, nutsdiens, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie, vervoergebruik, parkade, privaat pad, [en openbare] oop ruimte en verfilming VERGUNNINGSGEBRUIKE Volwassenewinkel, onderneming vir volwassenevermaak, volwassenedienste, informele handel, ekspo-sentrum, skrootwerf, vrystaande basistelekommunikasiestatie, windturbine-infrastruktuur, helikopterlandingsplek, diensstasie, [en] motorherstelhawe, <u>veeartsenykundige praktyk en herwinningsentrum</u>	MU1	1,5	75%	15,0 m	0,0 m tot en met 10,0 m hoogte; 4,5 m bo 10,0 m	8,0 m	Afdak- of balkonoorhang
	MU2	4,0	100%	25,0 m	0,0 m tot en met 10,0 m hoogte; 4,5 m bo 10,0 m	8,0 m	Parkering en toegang
	MU3	6,0	100%	38,0 m	0,0 m tot en met 25,0 m hoogte; ½ (H-25 m) bo 25,0 m	8,0 m	Op-/aflaai Afskerming Diensstasie en motorherstelhawe Informele handel
		Sien item 64(a)	Sien item 64(a)	Sien item 64(a)	Sien item 64(c)	Sien item 64(b)	

NYWERHEIDSONERINGS	SUB-SONERING	VLOER-FAKTOR	DEKKING	MAKSIMUM HOOGTE BO BASISVLAK	BOULYNE		STRAAT-MIDDELLYN-TERUGSET	ANDER BEPALINGS
					Straat-grens	Gemeen-skaplike grense		
ALGEMENE NYWERHEID-SUBSONERINGS (G1–G2) PRIMÈRE GEBRUIKE Nywerheid, restaurant, diensstasie, motorherstelhawe, begrafnisonderneming, skrootwerf, owerheidsgebruik, nutsdiens, krematorium, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie, vrystaande basistelekommunikasiestatie, vervoergebruik, parkade, landbounywerheid, privaat pad, oop ruimte, [en] bykomende gebruikregte, <u>veeartsenykundige praktyk en verfilming</u> BYKOMENDE GEBRUIKREGTE Fabriekswinkels en volwassenewinkel VERGUNNINGSGEBRUIKE Slaggale, plek van aanbidding, instelling, kliniek, plek van samekoms, onderneming vir volwassenevermaak, volwassenedienste, akwakultuur, informele handel, winkel, kantoor, verkoop van alkoholiese drank, plek van vermaak, helikopterlandingsplek, windturbine-infrastruktuur en housterrein	GI 1	1,5	75%	18,0 m	5,0 m	3,0 m	n.v.t.	Grensmure
	GI 2	4,0	75%	18,0 m, maar geen beperking met betrekking tot vervaardigingsgeboue nie	5,0 m	3,0 m		Parkering en toegang Op-/aflaai Afskerming
		Sien item 68(a)	Sien item 68(a)	Sien item 68(b)	Sien item 68(c)	Sien item 68(d)		Gevaarlike stowwe Diensstasie en motorherstelhawe Fabriekswinkel Volwassenewinkel Informele handel

RISIKONYWERHEIDSONERING (RI) PRIMÈRE GEBRUIK Hinderbedryf, risikoaktiwiteit, krematorium, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie, vrystaande basistelekommunikasiestatie, privaat pad, oop ruimte, [en] bykomende gebruikregte en verfilming BYKOMENDE GEBRUIKREGTE Fabriekswinkel VERGUNNINGSGEBRUIK Winkel, restaurant, informele handel, diensstasie, motorherstelhawe, nywerheid, skrootwerf, slagpale, owerheidsgebruik, nutsdiens, helikopterlandingsplek, windturbine-infrastruktuur, houarterrein, vervoergebruik, [en] parkade en herwinningsentrum	2,0	75%	18,0 m, maar geen beperking met betrekking tot hinderbedryf, risikoaktiwiteit of vervaardigingsgeboue nie	5,0 m	5,0 m	n.v.t.	Parkering en toegang Op-/aflaai Afskerming Grensmure
	Sien item 75(a)	Sien item 75(b)	Sien item 75(c)	Sien item 75(d)	Sien item 75(d)		Gevaarlike stowwe Diensstasie en motorherstelhawe Fabriekswinkel Informele handel

NUT-, VERVOER- EN NASIONALEHAWESONERINGS	VLOERFAKTOR	DEKKING	MAKSIMUM HOOGTE BO BASISVLAK	BOULYNE		STRAAT-MIDDELLYN-TERUGSET	ANDER BEPALINGS
				Straatgrens	Gemeenskaplike grense		
NUTSONERING (UT) PRIMÈRE GEBRUIKE Nutsdiens, owerheidsgebruik, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie en vrystaande basistelekommunikasiestatie VERGUNNINGSGEBRUIKE Begraafplaas, informele handel, begrafnisondererneming, krematorium, stedelike landbou, lughawe, windturbine-infrastruktuur en helikopterlandingsplek	Soos ingevolge 'n terreinontwikkelingsplan (sien item 81)						
VERVOERSONERING 1: VERVOERGEBRUIK (TR1) PRIMÈRE GEBRUIKE Vervoergebruik, parkade, nutsdiens, winkel, restaurant, diensbedryf, kantoor, pakhuis, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie en houarterrein VERGUNNINGSGEBRUIKE Sakeperseel, woonstelle, plek van samekoms, plek van vermaak, hotel, konferensiefasiliteit, diensstasie, motorherstelhawe, diensbedryf, vrystaande basistelekommunikasiestatie, windturbine-infrastruktuur, lughawe, helikopterlandingsplek, informele handel, nywerheid en lug- en ondergrondse regte	2,0	75%	15,0 m vir opgestapelde skeepshouers 18,0 m vir enige ander gebou	0,0 m	3,0 m	n.v.t.	Parkering en toegang Diensstasie en motorherstelhawe Informele handel Lug- en ondergrondse regte
	Sien item 83(a)	Sien item 83(b)	Sien item 83(c)	Sien item 83(d)	Sien item 83(d)		

<p>VERVOERSONERING 2: OPENBARE PAD EN OPENBARE PARKERING (TR2)</p> <p>PRIMÈRE GEBRUIKE Openbare straat, openbare pad en nutsdiens</p> <p>VERGUNNINGSGEBRUIKE Parkade, informele handel, windturbine-infrastruktuur en lug- en ondergrondse regte</p>	<p>Soos ingevolge 'n terreinontwikkelingsplan (sien item 88)</p>	<p>Veronderstelde sonering</p> <p>Konstruksie en storting van materiale</p> <p>Lug- en ondergrondse regte</p> <p>Voorgestelde openbare straat, straatverbreding en straatsluiting</p> <p>Informele handel</p>
<p>NASIONALEHAWESONERING (NPZ)</p> <p>PRIMÈRE GEBRUIKE Grondgebruike soos ingevolge 'n goedgekeurde raamwerkplan vir haweontwikkeling</p> <p>VERGUNNINGSGEBRUIKE Geen</p>	<p>Soos ingevolge 'n goedgekeurde raamwerkplan vir haweontwikkeling (sien item 95)</p>	<p>Veronderstelde sonering</p> <p>Veronderstelde sonering van grond wat aan Nasionale Hawewerheid oorgedra is</p>

OOPRUIMTESONERING	VLOER-FAKTOR	DEKKING	MAKSIMUM HOOGTE BO BASISVLAK	BOULYNE		STRAAT-MIDDELLYN-TERUGSET	ANDER BEPALINGS
				Straatgrens	Gemeenskaplike grense		
<p>OOPRUIMTESONERING 1: OMGEWINGSBEWARING (OS1)</p> <p>PRIMÈRE GEBRUIKE Omgewingsbewaringsgebruik</p> <p>VERGUNNINGSGEBRUIKE Oesting van natuurlike hulpbronne, omgewingsfasiliteite, toeristeverblyf, toeristefasiliteite, nutsdiens, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie, vrystaande basistelekommunikasiestatie, windturbine-infrastruktuur, en kulturele en sosiale plegtighede</p>	Soos ingevolge 'n terreinontwikkelingsplan (sien item 98)						
<p>OOPRUIMTESONERING 2: OPENBARE OOP RUIMTE (OS2)</p> <p>PRIMÈRE GEBRUIKE Openbare oop ruimte en omgewingsbewaringsgebruik</p> <p>VERGUNNINGSGEBRUIKE Omgewingsfasiliteite, toeristefasiliteite, nutsdiens, begraafplaas, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie, vrystaande basistelekommunikasiestatie, windturbine-infrastruktuur, kulturele en sosiale plegtighede, stedelike landbou, informele handel, oesting van natuurlike hulpbronne, en lug- en ondergrondse regte</p>	Soos ingevolge 'n terreinontwikkelingsplan (sien item 100)					<p>Veronderstelde sonering</p> <p>Konstruksie en storting van materiale</p> <p>Lug- en ondergrondse regte</p> <p>Informele handel</p>	
<p>OOPRUIMTESONERING 3: SPESIALE OOP RUIMTE (OS3)</p> <p>PRIMÈRE GEBRUIKE Oop ruimte, privaat pad en omgewingsbewaringsgebruik</p> <p>VERGUNNINGSGEBRUIKE Omgewingsfasiliteite, toeristefasiliteite, plek van onderrig, plek van samekoms, plek van vermaak, kwekery, nutsdiens, begraafplaas, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie, vrystaande basistelekommunikasiestatie, windturbine-infrastruktuur, kulturele en sosiale plegtighede, stedelike landbou, informele handel, en oesting van natuurlike hulpbronne</p>	Soos ingevolge 'n terreinontwikkelingsplan (sien item 105)					<p>Goedkeuring van vergunningsgebruike</p> <p>Informele handel</p>	

LANDBOU-, LANDELIKE EN BEPERKTEGEBRUIKSONERINGS	MAKSIMUM VLOER-RUIMTE	DEKKING	MAKSIMUM HOOGTE BO BASISVLAK		BOULYNE		STRAAT-MIDDELLYN-TERUGSET	ANDER BEPALINGS
			Tot by muur-plaat	Tot by bopunt van dak	Straat-grens	Gemeen-skaplike grense		
<p>LANDBOUSONERING (AG)</p> <p>PRIMÈRE GEBRUIKE Landbou, intensiewe tuinbou, woonhuis, perdestalle, omgewingsbewaringsgebruik, omgewingsfasiliteite, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie en bykomende gebruikregte</p> <p>BYKOMENDE GEBRUIKREGTE Tweede woning en tuisberoep of bed-en-ontbytonderneming of tuiskindersorg</p> <p>VERGUNNINGSGEBRUIKE Bykomende wooneenhede, gastehuis, hotel, toeristeverblyf, toeristefasiliteite, intensiewe veeboerdery, oesting van natuurlike hulpbronne, myn, nutsdiens, vrystaande basistelekommunikasiestatie, windturbine-infrastruktuur, akwakultuur, dieresorgsentrum, plaaswinkel, [en] landbounywerheid, <u>veeartsenykundige praktyk en struktuur vir hernubare energie</u></p>	<p>1 500 m² vir alle woon-eenhede</p> <p>100 m² vir plaas-winkel</p> <p>Sien item 109(a)</p>	n.v.t.	<p>9,0 m vir woonhuis</p> <p>Sien item 109(d)</p>	<p>11,0 m vir woon-huis</p> <p>12,0 m vir landbou-geboue buiten woon-huis</p> <p>Sien item 109(d)</p>	<p>> 20 ha: 30,0 m</p> <p>≤ 20 ha: 15,0 m</p> <p>Sien item 109(b)</p>	<p>> 20 ha: 30,0 m</p> <p>≤ 20 ha: 15,0 m</p> <p>Sien item 109(b)</p>	n.v.t.	<p>Parkering</p> <p>Minimum onder-verdelings-grootte</p> <p>Landbou-nywerheid</p> <p>Tweede woning en bykomende wooneenhede</p>
<p>LANDELIKE SONERING (RU)</p> <p>PRIMÈRE GEBRUIKE Woonhuis, landbou en bykomende gebruikregte</p> <p>BYKOMENDE GEBRUIKREGTE Tweede woning en tuisberoep of bed-en-ontbytonderneming of tuiskindersorg</p> <p>VERGUNNINGSGEBRUIKE Gastehuis, toeristeverblyf, toeristefasiliteite, oesting van natuurlike hulpbronne, myn, dakgemonteerde basistelekommunikasiestatie, vrystaande basistelekommunikasiestatie, windturbine-infrastruktuur, akwakultuur, intensiewe veeboerdery, intensiewe tuinbou, perdestalle, dieresorgsentrum, plaaswinkel, [en] landbounywerheid en <u>veeartsenykundige praktyk</u></p>	<p>1 500 m² vir alle geboue</p> <p>100 m² vir plaas-winkel</p> <p>Sien item 113(a)</p>	40%	9,0 m	11,0 m	10,0 m	5,0 m	n.v.t.	<p>Parkering</p> <p>Minimum onder-verdelings-grootte</p> <p>Landbou-nywerheid</p> <p>Tweede woning</p>
<p>BEPERKTEGEBRUIKSONERING (LU)</p> <p>PRIMÈRE GEBRUIKE Slegs bestaande regmatige gebruike</p> <p>VERGUNNINGSGEBRUIKE Geen</p>	Sien item 118							<p>Geen hersonering</p> <p>Herbouing van vernietigde eiendom</p>

Einde van tabel A

Wysiging van item 21 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

33. Item 21 van bylae 3 word hiermee gewysig –

(a) deur paragraaf (b) met die volgende paragraaf te vervang –

“(b) Bykomende gebruikregte wat die bewoner van ’n eiendom mag uitoefen, is ’n tuisberoep, bed-en-ontbytonderneming, tweede woning en tuiskindersorg, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- (i) Buiten vir ’n tweede woning, mag s(S)legs een van die aktiwiteite wat as bykomende gebruikregte gelys word, **(mag)** op enige grondeenheid as primêre gebruik beoefen word. Waar meer as een sodanige aktiwiteit vereis word, moet die Stad se goedkeuring verkry word.
- (ii) Die eiendom moet oorwegend vir ’n woonhuis vir die verblyf van ’n enkele familie gebruik word.
- (iii) Die eienaar van die betrokke aktiwiteit moet op die eiendom woon.
- (iv) Die voorwaardes in item 23, 24 **(of)** 25 of 53 (wat ook al van toepassing is) moet nagekom word.
- (v) Enige nuwe struktuur of verandering aan die eiendom om ’n bykomende gebruikreg moontlik te maak, moet versoenbaar wees met die residensiële karakter van die gebied, veral wat die straataansig betref, en moet kan terugkeer tot gebruik as deel van die betrokke woonhuis, tweede wooneenheid of buitegebou.
- (vi) Die bewoner mag nie meer as drie werknemers by die betrokke aktiwiteit betrek nie.”

(b) deur paragraaf (c) met die volgende paragraaf te vervang:

“(c) Vergunningsgebruike is ’n nutsdiens, plek van onderrig, plek van aanbidding, huiswinkel, instelling, gastehuis, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, windturbine-infrastruktuur, oop ruimte, stedelike landbou, **(tweede wooneenheid)** veeartsenykundige praktyk en halfwehuis.”

Wysiging van item 22 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

34. Item 22 van bylae 3 word hiermee gewysig –

(a) deur subparagraaf (i) van paragraaf (f) met die volgende subparagraaf te vervang:

- “(i) ’n Motorhuis, motorafdak en buitegeboue word binne die gemeenskaplikegrensboulyn of op die gemeenskaplike eiendomsgrens toegelaat, mits die motorhuis, **(en)** motorafdak en buitegebou:
 - (aa) nie hoër as 3,5 m vanaf die basisvlak tot by die bopunt van die dak strek nie;
 - (bb) nie meer as ’n dubbele motorhuisfasade insluit nie; en
 - (cc) nie ’n breedte van 6,5 m oorskry nie.”

(b) deur subparagraaf (iv) van paragraaf (f) met die volgende subparagraaf te vervang:

- “(iv) Nieteenstaande paragraaf (ii) en (iii), kan ’n motorhuis of motorafdak binne die straatgrensboulyn opgerig word indien nakoming van die straatgrensboulyn na die Stad se mening onprakties sal wees weens **(steil hellings)** die steilheid van die grond tussen die pad en die betrokke eiendom. In sodanige geval sal die Stad die straatgrensboulyn bepaal.”

Wysiging van item 26 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

35. Item 26 van bylae 3 word hiermee gewysig deur subitem (1) met die volgende subitem te vervang:

“(1) Die volgende gebruikbeperkings is van toepassing op eiendom in hierdie sonering:

- (a) Primêre gebruike is ’n woonhuis, tweede **(wooneenheid) woning**, nutsdiens, privaat pad, stedelike landbou, oop ruimte en bykomende gebruikregte soos wat paragraaf (b) bepaal.
- (b) Bykomende gebruikregte wat die bewoner van enige wooneenheid mag uitoefen, is ’n skuiling, huiswinkel, tuisberoep, bed-en-ontbytonderneming, tuiskindersorg, informele handel en enige opvoedkundige, godsdienstige, beroeps- of sakedoelende, buiten die verkoop van alkoholiese drank, op die volgende voorwaardes:
 - (i) Die eenheid moet steeds vir oorwegend residensiële doeleindes gebruik word.
 - (ii) Geen hinderbedryf, risikoaktiwiteit, onderneming vir volwassenevermaak, volwassenedienste of volwassengewinkel word toegelaat nie.
 - (iii) Geen aktiwiteite wat ’n bron van steurnis is of moontlik kan wees, onder meer die gebruik van toerusting wat uitermatige geraas veroorsaak, of enige aktiwiteit wat stof, dampe, rook of afvalmateriaal tot gevolg het wat gesondheid kan benadeel, of wat spesiale afvalverwyderingsprosesse vereis, mag uitgevoer word nie.
 - (iv) Die Stad kan op enige tydstip versoek dat die grondgebruik of aktiwiteit gestaak word, of voorwaardes oplê om enige moontlike steurnis vir omliggende bure en die algemene publiek te beperk.
 - (v) Die ontwikkelingsreëls in item 23, 24, 25, 28, 29 en 30, wat ook al van toepassing is, moet nagekom word.
- (c) Vergunningsgebruike is groepsbehuising, losieshuis, plek van aanbidding, instelling, kliniek, plek van samekoms, plek van onderrig, kantoor, restaurant, gastehuis, plek van vermaak, diensbedryf, owerheidsgebruik, dakgemonteerde basistelekommunikasiestrasie, windturbine-infrastruktuur, veeartsenykundige praktyk en halfweghuis.
- (d) Veelvoudige gebruike en geboue waar geen formele dorpsgebied bestaan nie.”

Wysiging van item 40 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

36. Item 40 van bylae 3 word hiermee gewysig deur paragraaf (b) met die volgende paragraaf te vervang:

- (b) “Vergunningsgebruike, onderworpe aan paragraaf (c), is ’n nutsdiens, plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, hospitaal, plek van samekoms, tuisberoep, winkel, hotel, konferensiefasiliteit, **(en)** dakgemonteerde basistelekommunikasiestrasie en veeartsenykundige praktyk.”

Vervanging van item 42 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

37. Item 42 van bylae 3 word hiermee met die volgende item vervang:

“Die bepalinge van item 21(b) en 22 is van toepassing op ’n woning in hierdie sonering. Die bepalinge van item 21(b), 22 en 53 is van toepassing op ’n tweede woning in hierdie sonering. **(Die bykomende gebruikregte, vergunningsgebruike en ontwikkelingsreëls vir ’n woonhuis in enkelresidensiële sonering I en ’n tweede woning in plaaslike sakesonering I onderskeidelik is van toepassing op ’n woonhuis en tweede woning in hierdie sone.)**”

Vervanging van item 46 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

38. Item 46 van bylae 3 word hiermee met die volgende item vervang:

“Die volgende gebruiksbeperkings is van toepassing op eiendom in hierdie sonering:

- (a) Primêre gebruike is ’n plek van onderrig, plek van aanbidding, kliniek, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, verfilming en oop ruimte.
- (b) Vergunningsgebruike is ’n instelling, hospitaal, plek van samekoms, begraafplaas, vrystaande basistelekommunikasiestasie, veeartsenykundige praktyk en stedelike landbou.”

Vervanging van item 48 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

39. Item 48 van bylae 3 word met die volgende item vervang:

“Die volgende gebruiksbeperkings is van toepassing op eiendom in hierdie sonering:

- (a) Primêre gebruike is ’n instelling, hospitaal, plek van onderrig, plek van aanbidding, plek van samekoms, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, verfilming en oop ruimte.
- (b) Vergunningsgebruike is ’n losieshuis, konferensiefasiliteit, begraafplaas, krematorium, begrafnisonderneming, vrystaande basistelekommunikasiestasie, windturbine-infrastruktuur, veeartsenykundige praktyk en stedelike landbou.”

Wysiging van item 50 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

40. Item 50 van bylae 3 word hiermee gewysig deur paragraaf (c) met die volgende paragraaf te vervang:

“(c) Vergunningsgebruike is ’n plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, kliniek, plek van samekoms, gastehuis, winkel, informele handel, diensbedryf, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, windturbine-infrastruktuur, veeartsenykundige praktyk en halfweghuis.”

Wysiging van item 53 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

41. Item 53 van bylae 3 word hiermee gewysig deur paragraaf (g) te skrap.

Wysiging van item 55 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

42. Item 55 van bylae 3 word hiermee gewysig deur paragraaf (a) met die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Primêre gebruike is ’n winkel, kantoor, woonhuis, tweede woning, losieshuis, bed-en-ontbytonderneming, woonstelle, plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, kliniek, gastehuis, diensbedryf, nutsdiens, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, privaat pad, veeartsenykundige praktyk en oop ruimte.”

Wysiging van item 59 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

43. Item 59 van bylae 3 word hiermee gewysig deur paragraaf (a) met die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Primêre gebruike is ’n sakeperseel, woonhuis, tweede woning, losieshuis, woonstelle, plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, hospitaal, plek van samekoms, plek van vermaak, hotel, konferensiefasiliteit, diensbedryf, owerheidsgebruik, nutsdiens, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, parkade, privaat pad, verfilming, veeartsenykundige praktyk en oop ruimte.”

Vervanging van item 63 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

44. Item 63 van bylae 3 word hiermee met die volgende item vervang:

“Die volgende gebruiksbeperkings is van toepassing op eiendom in hierdie sonering:

- (a) Primêre gebruike is ‘n sakeperseel, nywerheid, woonhuis, tweede woning, losieshuis, woonstelle, plek van onderrig, plek van aanbidding, instelling, hospitaal, plek van samekoms, plek van vermaak, hotel, konferensiefasiliteit, owerheidsgebruik, nutsdiens, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, vervoergebruik, parkade, privaat pad, verfilming en oop ruimte.
- (b) Vergunningsgebruike is ‘n volwassenewinkel, onderneming vir volwassenevermaak, volwassenedienste, informele handel, ekspo-sentrum, skrootwerf, vrystaande basistelekommunikasiestasie, windturbine-infrastruktuur, helikopterlandingsplek, diensstasie, herwinningsentrum, veeartsenykundige praktyk en motorherstelhawe.”

Wysiging van item 67 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

45. Item 67 van bylae 3 word hiermee gewysig deur paragraaf (a) met die volgende paragraaf te vervang:

- “(a) Primêre gebruike is nywerheid, restaurant, diensstasie, motorherstelhawe, begrafnisonderneming, skrootwerf, owerheidsgebruik, nutsdiens, krematorium, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, vrystaande basistelekommunikasiestasie, vervoergebruik, parkade, landbounywerheid, privaat pad, oop ruimte, verfilming, veeartsenykundige praktyk en bykomende gebruikregte soos wat paragraaf (b) bepaal.”

Wysiging van item 74 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

46. Item 74 van bylae 3 word hiermee gewysig –

(a) deur paragraaf (a) met die volgende paragraaf te vervang:

- “(a) Primêre gebruike is ‘n hinderbedryf, risikoaktiwiteit, krematorium, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, vrystaande basistelekommunikasiestasie, privaat pad, oop ruimte, verfilming en bykomende gebruikregte soos wat paragraaf (b) bepaal.”

(b) deur paragraaf (c) met die volgende paragraaf te vervang:

- “(c) Vergunningsgebruike is ‘n winkel, restaurant, informele handel, ‘n diensstasie, motorherstelhawe, nywerheid, skrootwerf, slagpale, owerheidsgebruik, nutsdiens, windturbine-infrastruktuur, helikopterlandingsplek, houerterrein, vervoergebruik, herwinningsentrum en parkade.”

Wysiging van item 108 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

47. Item 108 van bylae 3 word hiermee gewysig deur paragraaf (c) met die volgende paragraaf te vervang:

- “(c) Vergunningsgebruike is bykomende wooneenhede, ‘n gastehuis, hotel, toeristeverblyf, toeristefasiliteite, intensiewe veeboerdery, oesting van natuurlike hulpbronne, mynbou, nutsdiens, vrystaande basistelekommunikasiestasie, windturbine-infrastruktuur, akwakultuur, dieresorgsentrum, plaaswinkel, struktuur vir hernubare energie, veeartsenykundige praktyk en landbounywerheid.”

Invoeging van item 111A in bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

48. Bylae 3 word hiermee gewysig deur die volgende item ná item 111 in te voeg:

"111A Strukture vir hernubare energie

Die Stad kan 'n aansoek om 'n vergunningsgebruik vir 'n struktuur vir hernubare energie goedkeur, op die volgende voorwaardes:

- (a) 'n Terreinontwikkelingsplan moet vir goedkeuring by die Stad ingedien word.
- (b) Die terreinontwikkelingsplan wat die Stad goedkeur, is die ontwikkelingsreëls vir 'n struktuur vir hernubare energie, en die bepalings vir 'n terreinontwikkelingsplan in item 123 is van toepassing.
- (c) Uitdiensstelling geskied ooreenkomstig die volgende vereistes:
 - (i) Enige struktuur vir hernubare energie wat uit diens gestel of laat vaar word, moet deur die eienaar verwyder word.
 - (ii) Wanneer die uitdiensstelling van 'n struktuur vir hernubare energie beplan word, moet die eienaar die Stad in kennis stel.
 - (iii) Die eienaar is verantwoordelik om die struktuur in ál sy komponente te verwyder binne 150 dae na die datum waarop dit uit diens gestel of laat vaar is.
- (d) Daar word aangeneem dat 'n struktuur vir hernubare energie laat vaar is indien die struktuur vir langer as twee jaar nie aaneenlopend bedryf word nie."

Wysiging van item 112 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

49. Item 112 van bylae 3 word hiermee gewysig deur paragraaf (c) met die volgende paragraaf te vervang:

"(c) Vergunningsgebruike is 'n gastehuis, toeristeverblyf, toeristefasiliteite, oesting van natuurlike hulpbronne, mynbou, dakgemonteerde basistelekommunikasiestasie, vrystaande basistelekommunikasiestasie, windturbine-infrastruktuur, akwakultuur, intensiewe veeboerdery, intensiewe tuinbou, perdestalle, diersorgsentrum, plaaswinkel, veeartsenykundige praktyk en landbounywerheid."

Wysiging van item 121 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

50. Item 121 van bylae 3 word hiermee gewysig –

(a) deur die volgende paragraaf ná subparagraaf (x) van subitem (1)(a) in te voeg:

"(xi) 'n Keerstruktuur binne 'n straatgrensboulyn, onderworpe aan item 126, of enige keerstruktuur wat onder die bestaande grondvlak geleë is"

(b) deur subitem (2) met die volgende subitem te vervang:

"(2) 'n Boulyn van 5 m is van toepassing op enige grens met 'n aangewese metropolitaanse pad, tensy die Stad anders instem, waarop subitem (1)(a)(i) ook van toepassing is."

Wysiging van item 123 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

51. Item 123 van bylae 3 word hiermee gewysig deur die volgende subitem ná subitem (7) in te voeg:

"(8) 'n Terreinontwikkelingsplan sal slegs verstryk indien dit met 'n ander terreinontwikkelingsplan vervang word."

Wysiging van item 136 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

51A. Item 136 van bylae 3 word hiermee gewysig deur die volgende subitem ná subitem (10) in te voeg:

(11) 'n Goedkeuring wat verleen is vir 'n komponent van 'n plannepakket waarna subitem (4)(a) tot (c) verwys, verstryk nie."

Invoeging van item 136A in bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

52. Die volgende item word hiermee ná item 136 van bylae 3 ingevoeg:

"136A Buitegeboue

Buiten met die toestemming van die Stad, mag geen persoon 'n buitegebou gebruik of beset voor die oprigting van die gebou waarvan dit 'n buitegebou is nie."

Wysiging van item 138 van bylae 3: Stad Kaapstad Ontwikkelingsbestuurskema

53. Item 138 word hiermee gewysig deur die tabel getiteld "Minimum terreinparkeervereistes" met die volgende tabel te vervang:

"Minimum terreinparkeervereistes

Grondgebruik	Standaardgebiede	PT1-gebiede	PT2-gebiede
Hoofwoonhuis (SR1-sonering)	2 parkeerplekke per wooneenheid (1 parkeerplek per wooneenheid vir erwe <350 m ²)	1 parkeerplek per wooneenheid	Nul
Hoofwoonhuis (SR2-sonering)	1 parkeerplek per wooneenheid (Nul per wooneenheid vir erwe <100 m ²)	Nul	Nul
Tweede woning	1 parkeerplek per 2 ^{de} wooneenheid	1 parkeerplek per 2 ^{de} wooneenheid	Nul (1 parkeerplek per 2^{de} wooneenheid)
Groepsbehuising	1,75 parkeerplekke per wooneenheid, plus 0,25 parkeerplekke per wooneenheid vir besoekers	1 parkeerplek per wooneenheid, plus 0,25 parkeerplekke per wooneenheid vir besoekers	Nul (0,75 parkeerplek per wooneenheid, plus 0,25 parkeerplek per wooneenheid vir besoekers)
Woonstelle	1,75 parkeerplekke per wooneenheid, plus 0,25 parkeerplek per wooneenheid vir besoekers	1 parkeerplek per wooneenheid, plus 0,25 parkeerplek per wooneenheid vir besoekers	Nul (0,75 parkeerplek per wooneenheid, plus 0,25 parkeerplek per wooneenheid vir besoekers)
Bed-en-ontbyt-onderneming	1 bykomende parkeerplek per gastekamer	1 bykomende parkeerplek per gastekamer	Nul

Grondgebruik	Standaardgebiede	PT1-gebiede	PT2-gebiede
Losieshuis, gastehuis	1,25 parkeerplekke per slaapkamer	0,75 parkeerplek per slaapkamer	<u>Nul</u> (0,5 parkeerplek per slaapkamer)
Rugsakstappers-verblyf	1 parkeerplek per 6 beddens	1 parkeerplek per 8 beddens	<u>Nul</u> (1 parkeerplek per 10 beddens)
Hotel	0,75 parkeerplek per slaapkamer, plus 20 parkeerplekke indien gelisensieer	0,75 parkeerplek per slaapkamer, plus 20 parkeerplekke indien gelisensieer	<u>Nul</u> (0,5 parkeerplek per slaapkamer, plus 10 parkeerplekke indien gelisensieer)
Ouetehuis, weeshuis	0,5 parkeerplek per slaapkamer	0,3 parkeerplek per slaapkamer	<u>Nul</u> (0,2 parkeerplek per slaapkamer)
Bewaarskool	1 parkeerplek per 10 kinders, plus stop-en-aflaafasiliteit	1 parkeerplek per 10 kinders	<u>Nul</u> (1 parkeerplek per 30 kinders)
Skool	1 parkeerplek per klaskamer of kantoor, plus stop-en-aflaafasiliteit	1 parkeerplek per klaskamer of kantoor, plus stop-en-aflaafasiliteit	<u>Nul</u> (1 parkeerplek per klaskamer of kantoor, plus stop-en-aflaafasiliteit)
